

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Basiese inligting vir die volgende magisteraanseke:

- MA in Afrikaans en Nederlands
- MA in Leksikografie
- MA in Vertaling

(Vir navrae oor die MA in Kreatiewe Skryfkunde, kontak dr Willem Anker anker@sun.ac.za.)

Studente wat van voorneme is om in te skryf vir 'n MA-studie in die Departement Afrikaans en Nederlands, behoort die volgende prosedure te volg in die jaar wat hul studie voorafgaan:

1. US Honneursstudente gaan na www.sun.ac.za; 'Studente'; 'My.SUN'; 'Studies'; 'Aansoek Nagraadse Studie'

Nie-US studente gaan na <https://student.sun.ac.za/>; 'Applicant'; 'Create a profile'; 'Login'
2. Die student doen aansoek vir die program van hul keuse. Die sperdatum vir MA-aansoeke is 31 Oktober van die voorafgaande jaar.
 - 2.1. Kontak me J. Nxumalo (jabs@sun.ac.za) by Administrasie vir verdere navrae oor MA-programme, indien nodig.
3. Aansoeke is onderhewig aan die volgende voorwaardes van die Departement:
 - 3.1. Die student het 'n gepaste honneursgraad geslaag – verwys asseblief na die jaarboek en
 - 3.2. het 'n punt van ten minste 70% vir die Honneursnavorsingswerkstuk van 30 krediete behaal.
4. Die student nader dr Willem Anker (anker@sun.ac.za) per e-pos indien die aansoek is vir 'n MA in Afrikaans en Nederlands.

Die student nader prof Ilse Feinauer (aef@sun.ac.za) per e-pos indien die aansoek is vir die MA-program in Vertaling.

Die student nader prof Rufus Gouws (rhg@sun.ac.za) per e-pos indien die aansoek is vir die MA-program in Leksikografie.
5. Die student handig verder 'n dokument in by dr Anker (anker@sun.ac.za), prof Feinauer (aef@sun.ac.za) of prof Gouws (rhg@sun.ac.za) wat die volgende insluit:

- 5.1. Die studierigting waarin die student belangstel (taal- of letterkunde in die geval van die MA in Afrikaans en Nederlands; vertaling, tolking of redigering in die geval van die MA in Vertaling).
- 5.2. Die tema(s) wat die student wil ondersoek.
- 5.3. 'n Bondige uiteensetting (enkele paragrawe) waarin die student 'n meer gedetailleerde oorsig bied van die tema(s) wat ondersoek wil word.
6. Die Departement besluit
 - 6.1. of die student aan die nodige voorwaardes vir toelating voldoen (sien par. 3).
 - 6.2. op 'n studieleier
 - 6.3. of die tema 'n gepaste onderwerp vir 'n magistertesis is. Andersins word daar in oorleg met 'n betrokke studieleier oor 'n meer geskikte onderwerp besluit.
7. Ná aanvaarding ontvang die student amptelik toestemming van me. Nxumalo om vir die program te registreer.

Die volgende prosedure word in die eerste studiejaar gevolg (en word verkieslik in die eerste semester afgehandel):

1. Die student registreer vir die program.
2. Die student, onder begeleiding van die studieleier, berei 'n uitgebreide navorsingsvoorstel voor met 'n minimum woordtelling van 2000 en 'n maksimum van 3000 (sonder die bronnelys en addenda) .
3. Die navorsingsvoorstel word aan die Nagraadse en Navorsingskomitee (NNK) van die Departement vir kommentaar voorgelê.
4. Nadat die NNK se terugvoer en insette tot tevredenheid van die NNK in die voorstel verwerk is, word die navorsingsvoorstel deur die studieleier vir goedkeuring voorgelê aan die Departement.
5. Indien die navorsingsvoorstel goedgekeur word, teken die student en studieleier 'n ooreenkoms.
6. Die student registreer vir die siftingsproses wat bepaal of etiese klaring nodig is vir die navorsing. Indien nie, begin die student met die navorsing.
7. Indien wel nodig, doen die student aansoek om etiese klaring om met die empiriese navorsing voort te gaan. (Die student kan intussen begin met die literatuurstudie, e.d.m.)
8. Sodra etiese klaring gegee word, kan die student met die empiriese navorsing begin.

Studente word aangemoedig om ook die Fakulteit se riglyne vir MA-studie te raadpleeg:

http://www.sun.ac.za/english/faculty/arts/Documents/HDRC%20documents/MA%20studente%20%28Afr%29%202021_FLSW%20Riglyne%20vir%20Magisternavorsing.pdf